
# From the Editor ● Van die Redakteur




Soos u kan sien hou ons oor 8 maande weer kongres. Die tema is Vaardighede in die Algemene Praktyk. In die kongresembleem wys die kunstenaar ons op verskeie vaardighede wat ons moet bemeester. Van laasmaand af tot die kongres sal die voorblad van SA Huisartspraktyk iedere maand een van die embleemblokkies uitbeeld.

Die kongreskomitee beplan goeie geleentheid vir u om in praktiese leersessies u vaardighede te kom opknap. Hou gerus die program dop. Ons sien u graag daar, te meer so as u 'n bydrae wil maak in die Vrye Referaat of Plakkaatafdeling van die program.

In opnames oor pasiëntbehoeftes by evaluering van hul huisarts kom twee aspekte gewoonlik hoog op in belangrikheid. Die een, 'n goeie menslike dokter-pasiënt verhouding en die ander 'n kompetente dokter. Ons beklemtoon so baie die aansien van die wat baie weet deur ons eksamen en 'snob-sisteem'. Met dié verloor ons uit die oog dat 'n arts wat baie kennis het maar nie die nodige dink en doen vaardighede nie, geen troos of hulp vir sy pasiënte is nie. Sonder kennis weer is sekere vaardighede sulke stomp instrumente dat hulle gevaarlik word. So ver so dat hulp met sulke instrumente meer na aanranding se kant toe neig.

Daar word dikwels gekla dat 'n groot persentasie van ons Suid-Afrikaanse huisartse nie in voortgesette opleiding belangstel nie. Ons hoop dat die bywoning by die 5de Algemene Praktykskongres dié stelling sal weerspreek. Hier is 'n geleentheid om beide kennis en vaardighede op te knap. Gebruik dit!